

Maandag 8 Januarie

Skrifgedeelte: Jeremia 4:1-4

Fokusgedeelte: Jeremia 4:1;
Heidelbergse Kategismus 33:88

Skynbekering en ware bekering

Die feit dat die Kategismus vra uit hoeveel dele die *ware bekering* bestaan, dui reeds daarop dat daar ook so iets soos 'n *skynbekering* is. Dit beteken dat 'n persoon die uiter-like tekens toon van iemand wat tot God bekeer is, terwyl hy in werklikheid nog nie bekeer is nie.

Die Fariseërs was ook sulke mense, want Christus het aan hulle gesê dat hulle vir per-soonlike gewin eerder aan die tradisies van die voorvaders vashou en hulle ouers onreg aandoen as om vader en moeder te eer (Mark. 7:1-16). Sulke skynbekeerdes was daar ook in die tyd van Jeremia, want by monde van die profeet sê die Here aan hulle: "As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou *tot My bekeer*" (4:1).

Wat in dié tyd waarskynlik gebeur het, is dat Israel hulle bekeer het in die sin dat hulle opgehou het om bepaalde sondes te doen, maar tog nie in die geloof aan die Here vasgegryp het en al sy gebooie gehoorsaam het nie. Hulle sou dan soos die verlore seun gewees het as hy net van die varkhok af weggegaan het, maar nie na sy vader terug-keer het nie.

So 'n skynbekering loop nie op ewige redding en verlossing uit nie, maar laat 'n mens maklik terugval in 'n totaal onbekeerde lewe.

Teenoor die skynbekering staan die ware bekering. Die vernaamste kenmerk daarvan is dat dit ten diepste 'n daad van God is. Daarom bid Jeremia ook: "Bekeer ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees" (Klaagl. 5:21; Jer. 31:18). God werk uit genade die bekering in die mens. Hy bring hom uit die duisternis tot die lig en laat hom daaglik op die pad voortgaan.

God doen dit egter nie so dat die aksie van die mens in hierdie verband uitgeskakel word nie, wel so dat die mens daardeur juis tot aksie geroep word, soos Paulus ook duidelik in Filippense 2:12-13 aandui: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag" (1953-vertaling).

By hierdie deel van die Kategismus gaan dit egter nie oor bekering as daad van God nie, maar as roeping van die mens. Dit gaan ook nie oor die *eerste bekring* (weergeboorte, wortelbekering) nie, maar oor die *voortgaande bekering* (daaglikse bekering, heiligma-king). In die praktyk bestaan dit uit twee dele, naamlik die *afsterwing van die ou mens* EN die *opstanding van die nuwe mens*. Dit het dus 'n negatiewe en positiewe kant.

Hierdie twee kante staan teenoor mekaar in 'n verhouding van omgekeerde eweredigheid: as die een minder word, word die ander een meer. Die Skrif en ons belydenis leer ons dat dit juis ons roeping is om die sondige ou mens te laat minder word en die nuwe mens meer te laat word.

Anders gestel: Christus moet in ons meer word en ons eie, sondig ek steeds minder.